

HOOFSTUK 2

HISTORIESE EN PRINSIPIËLE PLASING VAN VOOGONDERWYS, EN DIE VOORLICHTINGSPROGRAM (INTEGRERING VAN DIE VOOG- EN VOORLICHTINGSTELSEL) SOOS DEUR DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT VOORGESKRYF

I. A. HISTORIESE BEGRONDING VAN VOOGONDERWYS

Sedert die vroegste tye het elke sosiale groep sy versamelde gelowe, praktyke en instellings op sy kinders oorgedra, wat dit weer aan hulle kinders oorgedra het. Met die kumulatiewe vooruitgang van die beskawing het sosiale, industriële en staatkundige omstandighede verander en ingewikkelder en meer gespesialiseerd geraak. Alleen kon die ouers nie hulle kinders na die eise van die lewe opvoed nie en spesiaal uitgesoekte persone is afgesonder om die taak te behartig wat die huis en samelewing nie op hulle kon neem nie. So het dit dan gekom dat die onderwyser in loco parentis te staan gekom het.¹⁾ Om plaasvervangende ouer vir die kind te wees, beteken ook om voog vir hom te wees.

Alle onderwys in die laerskool is, of behoort ook voogonderwys te wees. Die Transvaalse Onderwysdepartement het dan ook met die implementering van die voogstelsel in 1963 bevestig dat voogwerk oor al die jare in skole beoefen is.²⁾ Met die instelling van die voogstelsel is gepoog om nuwe betekenis aan plaasvervangende ouerskap te gee met die oog op die verskerpte onderwysvernuwing.

1) Erasmus, L.S. Die nasionale idee in die onderwys, p.298.

2) Vgl. p. 20 hieronder.

B. PRINSIPIËLE BEGRONDING VAN VOOGONDERWYS

Uit die voorgaande is dit duidelik dat voogonderwys hulp aan die ouer met die opvoeding en onderwys van sy kind beteken. Vandag is dit vir die ouer nog moeiliker as slegs n dekadde gelede om alleen aan sy kind al die kennis, voorligting, opvoeding en onderwys te verskaf.

In die huidige tydsgewrig word besondere hoë eise aan elke individu gestel en hierdie eise sal, namate die tempo waarin industrialisasie versnel, toeneem. Snelle industrialisasie en die versnelling in die werks- en lewenstempo wat daaruit voortspruit, veroorsaak allerlei neurotiese stremminge. Hoewel daar dikwels van die "eeu van die kind" gepraat word, word die kind verdring en deur materiële en ekonomiese oorweginge grootliks op die agtergrond gedwing. Veral in stedelike gebiede neem die verdringing van die kind groter afmetings aan as op die platteland. Die wesentlike gevaar bestaan dat al hoe meer kleuters verwaarloos sal raak, sal ontspoor, as nerveus of moeilik opvoedbaar bestempel sal word of as nie-skoolgereednie by toelating tot die primêre skool sal vertoon. "Dit is uiters noodsaaklik dat die potensiaal en talente van alle kinders tot volle ontplooiing sal kom!"³⁾

3) Oosthuizen, J.H.C. Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake n nasionale pre-primêre opvoedingsprogram vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Deel II. Suid-Afrikaanse Buro vir geesteswetenskaplike navorsing, p.13.

Wanneer die kind die eerste dag sy laerskool loopbaan begin, begin ook die proses van waarneming. Hy ontvang primêre onderwys. Sy grondslag word in die laerskool gelê. Dit is hier waar elke klasvoog deur haar voogonderwys elke kind intiem leer ken, elke kind probeer lei en met elkeen se ouers noue kontak probeer hou. Op hierdie stadium word kinders met probleme geïdentifiseer en word oplossings gevind en reg gestel.

Daar is talryke verskille wat uit die kinders se huislike milieu spruit, soos emosionele ontwikkeling, liefdesbelewing, gedrag, sekuriteit, rypheid, selfverwesenliking, taalontwikkeling, ens. Met die stelsel van voogonderwys moet vasgestel word wát elke kind se omstandighede is. Uit die aard van die saak is kennis van die kind se huislike agtergrond onontbeerlik.

Suksesvolle en sinvolle opvoeding en onderwys in die laerskool gaan hand aan hand met wetenskaplike en sinvolle voogonderwys.

Die ouer bly egter steeds die vernaamste opvoeder en die voogonderwyser kan en mag hom nooit vervang nie. Ook in die Christelike skool mag die een nie sy opvoedingsverantwoordelikhede op die ander een afskuif nie, maar moet hulle as bondgenote in die opvoeding van die kind, van elke kind, beraadslaag en oorleg pleeg.

Maar ook ten opsigte van die verskerpte gedifferensieerde onderwysstelsel in Transvaal het die voorligtingsprogram in die laerskool aan waarde en betekenis toegeneem. In hierdie verband sê Jooste: "Vandag word elke leerling beskou as n wese wat waardevolle verstandelike, liggaamlike, etiese, sosiale en godsdienstige potensialiteite besit en die taak van die skool is om vir elke individuele leerling gunstige geleenthede te skep en die nodige leiding te verskaf sodat hierdie potensialiteite tot die optimaal geaktualiseer kan word... Die opvoeder se steungewing moet verantwoordbaar en doelgerig wees... Aangesien daar verskille tussen kinders is, sou dit onverstandig van die opvoeder wees om alle kinders op dieselfde manier te onderrig".⁴⁾

Vervolgens word die verloop van die voogstelsel sedert die instelling daarvan op 9 Februarie 1963 in chronologiese volgorde weergee. Aandag word ook aan die doelstellinge soos dit op die primêre skool van toepassing is, gegee. Kommentaar word aan die einde van die hoofstuk gelewer.

4) Jooste, J.H. Die taak van die primêre skool in die stelsel van gedifferensieerde onderwys... Onderwys-bulletin, XVII(I): 28-29, Maart 1973.

II. DIE CHRONOLOGIESE VERLOOP VAN DEPARTEMENTELE KENNISGEWINGS TOT 1974

A. By omsendbrief 12 van 9 Februarie 1963 is die voogstelsel ingevoer na aanleiding van die Verslag van die Oorsese Sending in verband met Gedifferensieerde Middelbare Onderwys. Inleidend word beklemtoon dat die funksie van die voogonderwyser in die vorming, vordering en aanpassing van die individuele leerling nooit oorskakel kan word nie.⁵⁾

Oor die interne skoolorganisasie vir die praktiese toepassing van die voogstelsel in hoërskole, word die volgende instruksies gegee:

- "(1) Elke hoof moet sy eie organisasie in die lewe roep om uitvoering aan die idee van voogonderwysers, soos in hierdie verslag uiteengesit, te gee.
- (2) Hy moet verder aan die voogonderwysers die nodige leiding gee.
- (3) Die hoof moet hom jaarliks vergewis van die resultate van die werk van die voogonderwysers en aan die einde van elke jaar vir die eersvolgende drie jaar aan die inspekteur van onderwys hieroor verslag doen".⁶⁾

5) Vgl. p.2 van omsendbrief 12 van 9 Februarie 1963.

6) Ibid., p. 5-6.

Wat laerskole betref spreek die komitee sy oortuiging uit dat klasonderwysers die aangewese persone is om die funksies van voogonderwysers te vervul.

Ten opsigte van onderwyskolleges word aangedui dat hulle opdrag om aan studente die nodige voorligting te gee, sal ontvang sodra die Departement die beleid van voogonderwysers aanvaar.

Hoofde van hoërskole word vervolgens opdrag gegee om van Februarie 1963 af die beleid in te voer. Dit is interessant om daarop te let dat laerskole, in teenstelling met hoërskole nie spesifiek opdrag ontvang om die stelsel in te voer nie.

B. By omsendbrief 82 van 11 November 1963 wat ook aan hoofde van laerskole, maar nie aan rektore van onderwyskolleges gerig is nie, word na die Onderwys-bulletin VIII(I) verwys in verband met 'n artikel wat meer lig op die voogonderwyserstelsel werp. Uit hierdie opdrag word afgelei dat laerskole ook voogonderwys moet toepas.

C. By omsendbrief 78 van 10 September 1965 word hoofde dringend versoek om vraelyste in verband met die voogonderwyserstelsel te voltooi. Hoofde van hoërskole moet vraelys A en hoofde van laerskole vraelys B voltooi.

D. By omsendbrief 120 van 23 Oktober 1967 word n handleiding vir hoofde in verband met voogonderwys aan skole gestuur. Die vertroude word uitgespreek dat die handleiding sal help om probleme wat daar nog met voogonderwys ondervind word, uit die weg te ruim en dat die voogstelsel sy volle beslag in alle skole sal kry. Hoofde word ook versoek om onderwysers ten volle op die hoogte met die inhoud van die handleiding te stel.⁷⁾

III. HANDLEIDING IN VERBAND MET VOOGONDERWYS SOOS VAN TOEPASSING OP PRIMÊRE ONDERWYS

In die voorwoord van die handleiding word weer na omsendbrief 12 van 1963 verwys en dan volg die volgende veelseggende sin: "Onderwyskolleges moes die nodige voorligting aan studente gee". Die Departement is ook daarvan "oortuig dat voogwerk oor al die jare in skole beoefen is, maar dat dit in die lig van onderwysvernuwing wat reeds op so baie vlakke plaasgevind het, tyd geword het om hierdie aspek van ons onderwys meer te beklemtoon en om riglyne vir die suksesvolle implementering daarvan aan te dui."

7) Hierdie handleiding is ook vervat in hoofstuk 13 van die Handleiding vir Skoolorganisasie, T.O.D., p.118-123. Voorligting vir leerlinge in hoërskole word omskryf in hoofstuk 14, p. 124 - 129 van dieselfde handleiding.

"1. Doel en wese van voogonderwys

Voogonderwys moet gesien word as 'n poging om die huislike opvoeding buite die huislike sfeer voort te sit en aan te vul. Net soos met alle opvoeding en onderwys, stel voogonderwys hom ten doel om die kind te help en te lei op die weg na volwassendheid. Om in hierdie doel te slaag, moet daar doelgerig gestrewe word om 'n opvoeding=situasie te skep waar 'n besondere verhouding, gekenmerk deur onderlinge vertroue, tussen onderwyser en kind bestaan.

Hieruit volg dat elke onderwyser onder alle omstandighede opvoeder moet wees, wat impliseer dat hy die kind goed genoeg moet ken om elke opvoedingsmoment ten volle te kan benut. As hierdie opvoedingsfunksie van die onderwyser uitgevoer word waar hy buite die sfeer van die ouerhuis met sy leerlinge verkeer, sy dit in die klas, op die sportveld of waar ook al, vervul hy die rol van voogonderwyser en beoefen hy in der waarheid voogwerk..."

"2. Die voogonderwyser

... Elke voogonderwyser moet die voogtaak as roeping aanvaar en moet dit sien as 'n voortdurende opvoedingstaak wat nie in die bestek van 'n registerperiode volvoer kan word nie, maar wat binne sowel as buite die skool moet voortgesit word..."

"...4. Die taak van die voogonderwyser

(a) Sy eerste taak is om leerlinge wat in sy sorg geplaas is, deur belangstelling te leer ken. Hy moet hom vervolgens afvra welke aspekte van sy leerlinge se bestaan hy moet ken en die aangewese middele om dit te doen, probeer vasstel.

(i) Aspekte waaroor inligting ingewin moet word:

- (aa) Die kind se huislike agtergrond en sy omgewing.
- (bb) Sy persoonlike belangstelling en toekomsgerigtheid.
- (cc) Sy gesondheidstoestand en liggaamsgebreke, indien enige.
- (dd) Sy persoonlikheidseienskappe.
- (ee) Sy sosiale verhoudinge en die grootte en kwaliteit van sy vriendekring binne die skool.
- (ff) Sy persoonlike voorkoms, houding en maniere en sy skolastiese vordering!

"(ii) Aangewese middele om kennis oor die kind in te win:

(aa) Waarneming van die kind binne klasverband

n Studie van die kind se reaksies op alle opvoedingsituasies is n groot bron van inligting.

(bb) Waarneming van die kind buite klasverband

Die voogonderwyser moet te alle tye daarop ingestel wees om waar te neem hoe die kind hom op spontane wyse buite die klaslokaal, op die sportvelde en in die verenigingslewe openbaar. Baie kan op hierdie wyse geleer word oor die bevoegdhele en tekortkominge van individuele leerlinge in die vooggroep.

(cc) Raadpleging

n Ander wyse waarop kennis oor die kind ingewin kan word, is deur raadpleging met die personeel, ouers, ander instansies en met die leerlinge self. Die voogonderwyser behoort doelbewuste kontak met ouers tydens toevallige of beplande ontmoetings by die skool te maak. Hy kan die skoolrekords naslaan, en die predikant, die voorligting=onderwyser, die sielkundige, die geneesheer of ander instansies raadpleeg. Hy kan verder kontak maak met sy leerlinge deur middel van spontane en onbeplande geselsies tydens skoolure, op die sportvelde of met sosiale geleenthede."

"(b) Die tweede belangrike taak van die voogonderwyser is om te alle tye sy leerlinge met raad en daad by te staan en daarop ingestel te wees om elke opvoedingsmoment ten volle te benut.

Opvoedingsituasies wat hulle in die gewone gang van sake voordoen en wat geleenthede vir die voogonderwyser skep om op te tree, is die volgende:

- (i) Die oriëntering en tuismaking van nuwe leerlinge met spesiale aandag aan immigranteleerlinge.
- (ii) Leerprobleme soos gebrek aan konsentrasie, foutiewe studiegewoontes, swak vordering ens.
- (iii) Gedragsprobleme of negatiewe gesindhede.
- (iv) Omgangsprobleme en gebrek aan sosiale aanpassing.
- (v) Gesondheidsprobleme.
- (vi) Probleme wat in verband staan met 'n afwykende voorkoms.
- (vii) Probleme ten opsigte van vryetydsbesteding.
- (viii) Behoefte aan leiding by die keuse van vriende.
- (ix) Behoefte aan leiding ten opsigte van toekomsplanne.

Al die onderhandelinge met leerlinge in die vooggroep moet die stempel dra van 'n ouer-kind-verhouding. Formele, onpersoonlike hantering van situasies moet vermy word en genoeg geleenthede moet geskep word vir informele praatjies waaraan leerlinge kan deelneem of vir toevallige gesprekke met individuele leerlinge... "

"Alhoewel elke voogonderwyser primêr verantwoordelik vir sy eie vooggroep is, mag sy voogtaak nie uitsluitlik tot hierdie groep beperk wees nie, maar moet hy daarop ingestel wees om elke opvoedingsmoment wat spontaan ontstaan of wat doelbewus geskep word, selfs al is dit buite sy vooggroep, ten volle te benut".

"5. Die leerling- voogonderwyser-verhouding

Die leerling- voogonderwyser-verhouding is die kern van die saak en is die onfeilbare maatstaf waarmee elke voogonderwyser en elke skool die mate van sukses met sy voogwerk kan bepaal.

Die vooggroep moet volle vertroue hê in hulle voogonderwyser, hom sien as eerlike, simpátieke en regverdige mens, hom aanvaar as leier en hom beskou as vriend en raadgewer. Vir die individuele leerling moet die voogonderwyser op skool die plek van die ouer vervul en moet hy daarvan oortuig wees dat hierdie onderwyser in hom persoonlik belangstel en dat hy met sy probleme na hom kan gaan.

Indien die verhouding tussen leerlinge en hulle voogonderwyser gesond is, sal hulle hulle normaalweg na hom wend met probleme..."

6. Die voogprogram

"... Die voogwerk sal van skool tot skool verskil ... Die besondere behoeftes van die skool en die omgewing waarin dit geleë is, sal grootliks bepaal watter voogwerk

nodig is en hoe dit aangepak moet word. Van elke hooftwoord verwag om die aard en omvang van voogwerk by sy skool se besondere omstandighede te laat aanpas en om in samewerking met die personeel n eie voogprogram vir sy skool op te stel.

Wat periodevoorsiening vir voogwerk betref, word dit aan hoofde oorgelaat om self te bepaal hoeveel tyd nodig is vir die verwesenliking van die doeleindes met voogwerk. Omstandighede sal bepaal of daar bo en behalwe die normale register- of voogperiodes periodiek addisionele periodes vir voogwerk afgesonder moet word.

7. Voorligting en voogwerk

... Die werkzaamhede van voogwerk is, aan die anderkant, nie beperk tot die voogperiode nie, maar is n ononderbroke opvoedingsfunksie wat n persoonlike, informele benadering beoog waardeur n vertrouensverhouding tussen die kind en ten minste één onderwyser in die skool bewerkstellig kan word..."

"...9. Verwysing van leerlinge deur die voogonderwyser

Voogonderwysers hanteer ook, sover moontlik, die probleme van individuele leerlinge... Verwysing van probleemgevallen deur die voogonderwyser moet met takt geskied, sodat die kind nie daardeur in verleentheid gestel word en die vertrouensverhouding gevolglik versteur word nie..."

10. Rekords in verband met voogwerk

Bo en behalwe rekords wat deur die skool voorgeskryf word en wat normaalweg deur die voogonderwyser gehou word, hoef geen rekords ten opsigte van sy vooggroep gehou te word nie. In buitengewone gevalle sal die byhou van rekords met betrekking tot individuele leerlinge n nuttige doel kan dien en dit word vir oorweging aan hoofde oorgelaat.

11. Voogwerk en huisbesoek

Die Departement beskou huisbesoek van groot waarde vir die suksesvolle implementering van voogonderwys, maar is bewus van die veelvuldige probleme wat dit inhou. Hierdie saak word vervolgens as n vrywillige aangeleentheid in die hande van hoofde en hulle personeel gelaat met dien verstande dat huisbesoek onder geen omstandighede as n plig aan enige onderwyser opgedra mag word nie en dat die Departement geen aanspreeklikheid kan aanvaar vir enige skade of onkoste in hierdie verband nie.

12. Die plek van die hoof in voogwerk

Daar bestaan groot geleenthede vir die hoof om die beleid wat in die breë opvoedingsprogram van die skool opgeneem is, binne die raamwerk en organisasie van voogwerk te implementeer. So kan die hoof byvoorbeeld die gedragspatroon van sy leerlinge, die beoefening van menslike deugde en so baie ander opvoedkundige ideale inskakel by die voogprogram van sy skool!

" Hierby moet onthou word dat die belangstelling, inisiatief en inspirasie wat van die hoof uitgaan, grotendeels die sukses met voogwerk sal bepaal." 8)

Die voorgaande is dan die departementele voorskrifte vir voogonderwys wat met ingang van 1 Januarie 1974 by die Voorligtingsprogram ingesluit is.

IV. DIE VOORLIGTINGSPROGRAM

By omsendminuut 210 van 31 Desember 1973, vir implementering vanaf 1 Januarie 1974, word voorligting, jeugweerbaarheid en die voogstelsel in een geïntegreerde program onder die benaming "Voorligtingsprogram" saamgevoeg. 8a)

A. INLEIDING

Ten einde oorvleueling uit te skakel, is daar besluit om die huidige Voorligting- en Voogstelsel in een geïntegreerde program onder die benaming die Voorligtingsprogram saam te voeg.

B. DOEL- EN TAAKSTELLING IN DIE PRIMÊRE SKOOL

Die doelstelling wat met die Voorligtingsprogram beoog word, behels die volgende:

8. Voogonderwys: Handleiding vir hoofde:
Omsendbrief 120 van 1967, p.1-10.
Vgl. ook: Handleiding vir skoolorganisasie, p. 118-123.

8a. Vgl. p. 28 - 34 hieronder.

- a. algemene steungewing, voorligting en leiding en voorlewing wat die taak is van almal wat in die skool met die kind te doen het;
- b. uitkenning van besondere steunbehoewendes; en
- c. individuele steungewing en leiding aan leerlinge ten opsigte van persoonlike, leer-, sielkundige en opvoedkundige probleme.

C. IMPLEMENTERING IN DIE PRIMÊRE SKOOL

Die volgende persone sal vir die uitvoering van die program verantwoordelik wees:

- 1. Die hoof
- 2. Die adjunk-hoof/vise-hoof
- 3. Die fasevoogde (een elk vir die junior primêre, die senior primêre skoolfase en vir st. 5)
- 4. Die klasvoogde (grade tot st. 4) een vir elke klas
- 5. Die klasvoogde (st. 5) een vir elke klas

D. FUNKSIES

Die funksies vir genoemde persone sal soos volg wees:

- 1. Die hoof:
 - a. as professionele leier staan hy aan die hoof van die program;

- b. gee leiding aan leerlinge en hul ouers in verband met studierigtings, die eise wat elkeen stel, waar elkeen heen lei, aan watter skole elkeen aangebied word en oorskakelingsmoontlikhede en -probleme;
- c. staan die leerlinge en die ouers by in die uitoefening van 'n keuse ten opsigte van 'n sekondêre skool;
- d. tref die nodige reëlins vir die oorpasing van leerlinge na sekondêre skole wat ook plekbespreking in die koshuis kan insluit; en
- e. verwys probleemgevallen na die Sielkundige en Voorligtingsdiens.

2. Die adjunk-hoof/vise-hoof:

- a. organiseer onder leiding van die hoof die program vir die skool en is verantwoordelik vir die doeltreffende afhandeling daarvan; en
- b. koördineer die werk van die standaard-, koshuis-, sport- en kultuurvoogde.

3. Die fasevoog:

- a. onderneem voogskap oor al die leerlinge in die betrokke fase;
- b. koördineer die werk van die klasvoogde in sy fase;
- c. gee leiding aan klasvoogde in verband met alle aspekte van voorligting; en

- d. verwys leerlinge met probleme na die adjunk-hoof/visie-hoof en beveel verdere hantering aan.
- 4. Die klasvoog in die junior en senior primêre fase:
 - a. tree op as voog oor sy klas;
 - b. teken belangrike waarnemings ten opsigte van die gesondheidstoestand, leergereedheid, vordering, skoolbywoning, samewerking, huislike agtergrond, ens., van elke leerling, aan;
 - c. is voortdurend bedag op leerlinge wat in een of ander faset van die onderrig onder of ver bo die gemiddeld vorder;
 - d. verwys sulke leerlinge met die aanbevelings na die fasevoog;
 - e. behartig deur middel van die onderrig die algemene opvoeding in sy eie klas; en
 - f. gee in st. 4 leiding aan sy leerlinge oor gesonde studiemetodes, vryetydsbesteding, evaluering van prestasies, ens.
- 5. Die klasvoog in st. 5:
 - a. tree op as voog oor sy klas;
 - b. bewerkstellig 'n vertrouensverhouding tussen hom en elke leerling in sy klas;
 - c. gee leiding aan sy klas oor gesonde studie-metodes en -gewoontes, vryetydsbesteding en selfevaluering deur selfkennis;

- d. stel belang in elke leerling se vordering en prestasie binne en buite die skool;
 - e. is voortdurend bedag op enige afwyking of terugsakking by n leerling ten opsigte van skoolbywoning, samewerking, uiterlike voorkoms, gedrag en prestasies;
 - f. hou noukeurig rekord van waarnemings ten opsigte van elke leerling se gesondheidstoestand, karaktereienskappe, vermoëns, gewoontes, belangstelling, vryetydsbesteding, klas- en sportprestasies en huislike agtergrond; en
 - g. staan die leerlinge by in gevalle van nood of beproewing.
6. Voog vir buitemuurse bedrywighede (vise-hoof of senior assistent):
- a. beywer hom om dit vir die maksimumgetal leerlinge moontlik te maak om aan buitemuurse bedrywighede deel te neem deur onder andere n groot verskeidenheid buitemuurse bedrywighede aan te bied;
 - b. waak teen n oordrewe kompetisiegees ten koste van deelname vir ontspanning; en
 - c. koördineer die werk van die spanvoogde.
7. Die span-, groep- en kringvoog (afrigters, leiers en offisiere):
- a. beywer hom vir goeie verhoudings tussen hom en sy span en die lede van die span onderling;

- b. beywer hom om sy sportbedrywighe as opvoed-instrument te benut;
- c. beywer hom om elke spanlid tot sy hoogste prestasie te lei;
- d. bewaar n gesonde balans tussen kompetisie en ontspanning;
- e. sorg dat elke lid volledig in die span as eenheid opgeneem word en tuis voel;
- f. stel belang in elke lid as mens en veral ook in sy skoolprestasies; en
- g. probeer nie-deelnemers betrek.


E. PLEK VAN PROGRAM IN DIE SKOOLROOSTER

In die primêre skool hoef geen vaste periode vir die program op die rooster toegeken te word nie. Dit word aan hoofde gelaat om volgens behoefte periodes daaraan toe te sê. In st. 4 maar veral in st. 5 sal, veral as die registerperiode nie voldoende blyk te wees nie, moontlik bykomende tyd ingeruim moet word.

F. IMPLEMENTERINGSDATUM

Die program moet vanaf 1 Januarie 1974 in alle provinsiale skole geïmplementeer word.

DIAGRAM VAN DIE RAAMWERK VAN DIE VOOGSTELSEL IN DIE VOORLICHTINGSPROGRAM SOOS IN DIE PRIMÊRE SKOOL GEIMPLEMENTEER



V. SAMEVATTING EN KOMMENTAAR

Voogonderwys, as deel van die voorligtingsprogram, soos blyk uit die doelstellinge en voogprogram, is n uiters belangrike en onmisbare deel van die hele opvoedings- en onderwysprogram in die skool wat aan die onderwyser die benaming "professionele opvoeder" kan gee. In ons Christelike-nasionale lewens- en wêreldbeskouing en in ons Christelike en nasionale skoolstelsel behoort voogonderwys n waardevolle middel te wees, veral gesien teen die agtergrond waarteen onderwysers vandag hul roeping moet vervul,⁹⁾ om kinders en ook hul ouers te besiel om die gesin weer die siel van die Afrikanervolk te maak. Met die implementering en toepassing van voogonderwys is dit nodig om op n paar leentes te wys.

Die aanvanklike opdrag van 9 Februarie 1963 is spesifiek tot hoofde van hoërskole gerig.¹⁰⁾ Onderwyskolleges moes voorligting aan studente gee sodra die Departement die beleid van voogonderwys aanvaar, terwyl van laerskole gesê word dat die onderwyser die aangewese persoon is om voogonderwys te gee. Uit geen opvolgende omsendbrief is daar n aanduiding dat die beleid wel aanvaar is nie. Eers op 23 Oktober 1967 blyk dit dat alle skole in Februarie 1963 gevra is om met voogonderwys te begin en dat onderwyskolleges ook tóé reeds aan studente die nodige voorligting moes gee.

9) Vgl. p. 47 - 101 hieronder.

10) Vgl. p. 19 hierbo.

Uit die omsendbriewe is dit selfs nou nog nie duidelik of onderwyskolleges slegs n voorgdosentstelsel moes invoer nie en of studente opleiding in voogonderwys moes ontvang nie. Dit kan egter afgelei word dat kolleges ten minste van Januarie 1968 af voorligting aan studente in hierdie verband moes begin gee het. Oor n baie belangrike aspek, selfs n voorvereiste vir gedifferensieerde onderwys dus, naamlik voogonderwys, is daar nie duidelike voorligting nie.

Vir talle hoofde van laerskole moes omsendbrief 78 van 10 September 1965 toe vraelyste in verband met voogonderwys voltooi moes word, as n skok gekom het. Dit is dan ook geen verrassing nie, maar tog baie jammer dat die "Verslag van die Komitees insake Voogonderwys aan Laerskole en Hoërskole" in verband met die "Vraelys oor Voogonderwys (1965)" soos volg bevind het: "Aangesien daar in die laerskool eintlik geen sprake is van n 'Voogstelsel' in die ware sin van die woord nie, en daar gevolglik byna geen voogwerk buite die sfeer van klasonderwys onderneem is nie, het die komitees weinig waarde kon heg aan die inligting wat van laerskoolhoofde oor die voogstelsel ontvang is... Die Komitees vind dit nie nodig om n samevatting van die antwoorde wat van laerskoolhoofde ontvang is, by hierdie verslag in te sluit nie".¹¹⁾

11) Vgl. brief T.O.A. 9 - 7 van 6 Februarie 1974 van die Direkteur van Onderwys n.a.v. n navraag oor die samevatting van 1965 se vraelyste. Vgl. ook Groenewald, J.C. Voogonderwys en voorligting. Onderwysblad, 773(LXX): 463, Maart 1964. Hy bevestig die indruk na aanleiding van die Corsese Sending in verband met "Gedifferensieerde Middelbare Onderwys" dat voogonderwys slegs betrekking op die sekondêre skool het.

Nieteenstaande hierdie bevinding word in die voorwoord van die handleiding vir voogonderwys wat op 23 Oktober 1967 uitgereik is, gemeld dat die Departement daarvan oortuig is dat voogwerk oor al die jare in skole beoefen is¹²⁾ maar dat in die lig van onderwysvernuwing wat reeds op so baie vlakke plaasgevind het, dit tyd geword het om hierdie aspek van die onderwys meer te beklemtoon en om riglyne vir die suksesvolle implementering daarvan aan te dui. Dit is n teenstrydigheid. Die departementele komitee bevind enersyds dat daar in die laerskool eintlik nie sprake van voogonderwys in die ware sin van die woord is nie, en andersyds bevind die departement dat voogonderwys oor al die jare beoefen is.

Dit wil voorkom of voogonderwys in die laerskool nie ernstig bejeën word nie. In die laerskool waar primêre onderwys n aanvang neem, móét kennis van elke kind geneem word met ál sy omstandighede en probleme. Die aangeleentheid kry n groter omvang deur die skoolgereedheidsprogram waarvolgens alle leerlinge teen 1975 van gr. i tot st. 1 geen formele eksamen gaan aflê nie. In 1974 reeds móét gr. i volgens n vyfpuntskaal beoordeel word ten opsigte van gedrag, persoonlikheid, vordering, ens. Dit verg intensiewe wetenskaplike waarneming en kennis van elke kind. Dit is seker die belangrikste enkele voorwaartse stap in primêre onderwys in Transvaal gedurende die afgelope aantal dekades. Dit is niks anders as n beklemtoning van

12) Vgl. p. 20 hierbo.

voogonderwys wat die belangrikste voorwaartse opvoedkundige stap behoort te gewees het nie. Ten opsigte van die gereedheidsprogram is minstens voorligting gedurende 1973 aan hoofde gegee, maar sover dit voogonderwys of die voorligtingsprogram betref, gaan dit mank aan wetenskaplikheid en doelgerigtheid, juis omdat hoofde wat dit eenvoudig moet implementeer, nie voldoende vooraf daaroor ingelig word nie.

Ware opvoeding geskied wanneer die enkeling en nie die groep nie, aangespreek word. Die groep leerlinge moet dus altyd as enkelinge gesien en geken word. Om werklik aan die skoolgereedheidsprogram reg te laat geskied, is 'n grondige kennis van o.a. ook voogonderwys 'n vereiste.

Voog- en voorligtingsonderwys in die laerskool impliseer dat aan kinders vaderlike raad, leiding en voorligting gegee sal word wat tog noodsaaklik en onontbeerlik in die ouderdoms-groep 6 tot 14 jaar is. Dit is 'n uiters ontvanklike stadium in hulle lewe. Omdat so baie skolastiese en gedragsprobleme hulle oorsprong by die huisgesin het, veronderstel voogonderwys verder ook wetenskaplike voorligting aan die ouers van hierdie kinders. Probleme moet so vroeg moontlik ontdek en uitgeskakel word: voorkoming is immers beter as genesing. Gedurende die sewe jaar van die kind se laerskoolloopbaan het hy voortdurend voogdelike aandag en raadgewing nodig. Hy het dit skolasties nodig, maar veral as hulpbehoewende mensie.

Dit is jammer dat die hele saak van voogonderwys (voorligtingsprogram) in die laerskool nog nooit die onderwerp van 'n oriënterings- of streekskursus was nie; dat studente skynbaar min teoretiese én praktiese ervaring oor voogonderwys ontvang en dat inspekteurs van onderwys skynbaar ook min aandag hieraan bestee.

In die volgende hoofstuk word die algemene kulturele, politieke en ekonomiese opset en klimaat waarteen en waarin die voogonderwyser sy opvoedingstaak moet verrig, in breë lyne geskets.